

As for his father,
Because he cruelly oppressed,
Robbed his brother by violence,
And did what is not good among
his people,
Behold, he shall die for his iniquity.
18:17 aFollowing Masoretic Text, Targum, and Vulgate; Septuagint reads iniquity
he dies. 19Again, wh
And no great power or many
people
Will be needed to pluck it up by its
roots.
17:7 aFollowing Septuagint, Syriac, and Vulgate; Masoretic Text

Die afgelope 4 dae was 'n ongelooflike reis deur die Bybel tydens ons eerste Bybel Marathon waar die Bybel om die beurt deur meer as 100 individue oor 'n tydperk van 91 ure, dag en nag, hardop voorgelees is. Dit het baie meer mense bereik deur die lewendige uitsending daarvan. Met die laaste hoofstuk van Openbaring 22 wat kort voor 01:00 Sondagoggend gelees is, het ons geweet dit is inderdaad volbring – God se Woord sê dit alles.

Dankie vir elkeen wat deel was van hierdie reis – indien jy dit gemis het – gaan loer gerus op Fresh Namibia se Youtube kanaal (die finale hoofstukke is onder Bybel Marathon 10 opgeneem).

Vandag lees ons **Hosea 1:1-13.**

*Wat staan vir jou uit in die Hosea teksgedeelte?*

*Wat is ontstellend om te hoor?*

*Wat is bemoedigend om te hoor?*

*Hoe verwys Hosea se huweliksverhoudings na ons verbond met God?*

Dit is ontstellend om te hoor dat God sulke name gee vir Hosea se kinders. Jy kry ‘n slegte smaak in jou mond om van die prositusie en losbandigheid en die effek daarvan te lees.

In vers 7 en 10 begin God met “Maar” en “Tog” wat ons daaraan herinner dat Hy ‘n genadige God is en hoe geseënd ‘n mens is om in Sy volk ingesluit te wees en deel te wees van die ewige lewe.

Hosea se kinders word genoem:

- Sonder ontferming
- Nie my volk nie
- Jisreël beteken ‘n vreemde kombinasie van oordeel en herstel…

Dit is inderdaad wie God is – hy bring oordeel en herstel.  Hy is regverdig en genadig.  Ons wil nie hoor van Sy oordeel en woede nie, maar dit bring rustigheid en vrede by ons om te hoor van Sy liefde en genade, grootheid en goedheid.

*Moet ons dan nie meer binne Sy wil leef en gehoorsaam wees aan Hom as dit vir ons so mooi is om te sien en hoor nie?*

Wanneer ons die Bybel lees, is daar baie ontstellende, wrede, moeilike gedeeltes en ons is nie lus om dit te lees nie.  Ons skiep dit sommer en wonder hoekom God dit toegelaat het en selfs somtyds die opdrag gegee het dat iemand wreed doodgemaak moes word.

Daarteenoor, is dit bemoedigend en genesend om te hoor wat gebeur as mense vir God dien en die reguit pad loop.

*Hoekom dink jy doen mense steeds verkeerde dinge al is dit vir ons aaklig en nie lekker om daaroor te praat nie?  Dink jy die sonde en die verleiding van die wêreld is inderdaad meer aantreklik vir ons as God se Woord en heilige karakter?*

God se Woord is soeter as die stem van die wêreld. God se wil en die effek van gehoorsaamheid is inderdaad mooier, beter en lekkerder vir ons as wat sonde en die afleidings van die wêreld is. Kom ons lees dit, praat dit en leef dit!

Lees nou **Psalm 85.**

*Hoe vergelyk hierdie Psalm met die teksgedeelte in Hosea? Wat staan vir jou uit in Psalm 85 en wat kan jy daaruit neem vir jou eie lewe?*

Kyk na hierdie kort video: https://youtu.be/jUiX0krZouc



**Kyk na die foto van die swaard.  God se Woord is ‘n tweesnydende swaard.**

*Waarvoor kan ‘n swaard alles gebruik word?*

*Wat beteken die prentjie vir jou?*

**GEBED:**

Dankie Here vir U Woord en U wil wat soeter as heuning is.  Mag ons aanhou om die goeie te doen en na te streef, eerder as om die slegte kant van die lewe te wil beproef.  AMEN.


bm
Bybel marathon
27
DANIËL
DANIËL 12
HOSEA
HOSEA 4